HUIS & HAARD | HEARTH & HOME

Die stories agter die stories

RIGLYNE VIR TAK-VERSLAGGEWERS EN -FOTOGRAWE

Huis & Haard (**h&h**) kom 'n lang pad uit die vyftigerjare. Destyds die enigste spreekbuis want daar was natuurlik nie so iets soos 'sosiale media' nie. Deesdae het meeste van ons toegang tot sosiale media, dis vinnig, maklik, met baie trefkrag. Soos julle weet het ons nie net 'n pragtige webwerf (vlv.co.za) nie, maar ons is ook op *Facebook*, en dan is daar *WhatsApp*-groepe in ons eie gemeenskappe. Gebruik dit.

Stuur asseblief julle gereelde maandelikse tak-berigte vir Hettie, vlvwebwerf@gmail.com of https://www.facebook.com/VLVK1929/ "**Tag**" asseblief **@VLVK1929** as julle tak of sirkel iets op *Facebook* plaas (nie direk aan hoofkantoor nie asb.)

h&h, 'n spoggerige digitale tydskrif wat kwartaalliks beskikbaar is (Februarie, Mei, Julie & Oktober). Elke uitgawe gaan rondom spesifieke portefeuljes uitgebou word. **Sperdatums** en **fokus portefeuljes**, 15 Januarie (Kuns, Handvlyt, Leefstyl), 15 April (Opvoeding en Kultuur), 15 Junie (Openbare Sake, Gesondheid), en 15 September (Landbou, Tuinbou). Dit bly egter steeds 'n basis vir belangrike aankondigings, inligting oor projekte (vertel my van julle projekte rondom die VLVK-tema), kompetisies, ietsie oor konferensies en kongresse (volledige Sirkel Konferensies- en Kongres inligting word op ons webwerf geplaas).

Ons gaan op 'n nuwe avontuur en tak-berigte is nie meer dieselfde prentjies en stories wat herhaal word nie. Indien die berig of foto's reeds op die webwerf is, gaan ek dit nie weer in dieselfde formaat plaas nie. Jy stuur dus vir my jou interessante berig in '*Microsoft Word*' (nie opsomming oor "vergadering verrigtinge" nie), ek stoor dit vir die gepaste uitgawe. Ek gaan ook ons ander media dophou en wanneer ek 'n iets sien wat my aandag trek, gaan ek jou kontak sodat ons kan gesels oor 'n nuwe aanslag (onthou jou om selfoonnommer in te sluit wanneer jy met my via epos kontak).

Skryf vir ons lesers die stories agter die stories, bv. hoe lyk jou tak se H&H verslaggewer, wie neem die foto's, wie is die oudste lid, wanneer is jou tak gestig, watter mylpale het julle bereik, hoogtepunte wat gevier is, hoe lyk julle verjaarsdagkoek (of ander spesiale eetgoed), wie het dit gebak, wil sy die resep deel, hoe lyk sy? Daar is ook rubrieke soos "Uit die kombuis", "Kom reis saam", "Ontmoet ons mense", en vele meer. Dit kan met elke uitgawe verskil, afhangende van die berigte wat deurgestuur word. In Memoriam is taknaam, oorledene se naam en van, geboorte- en sterfdatum (dalk wil jy iets byskryf oor waarvoor sy onthou gaan word?).

Almal is nie joernaliste nie, om dié rede gaan ek van die berigte verfyn, redigeer, verkort, of jou kontak vir meer inligting, indien dit nodig sou wees. Ek sal proeflees, maar die spelling van name/vanne MOET jy kontroleer. Daar is nie 'n beperking op aantal woorde, spesifieke lettertipes of -groottes nie. Sodra ek dit ontvang, sal ek met jou gesels.

Wat foto's aanbetref, asb. nie self redigeer of samestellings ("*collages*") nie. Vee die lens af voordat foto's geneem word, kyk dat daar buite nie sonkolle op gesigte is nie en hou die agtergrond dop. Individue of klein groepies werk die beste en onthou swak kwaliteit foto's kan ongelukkig nie gebruik word nie. Identifiseer iemand wat goeie foto's kan neem sodat dit saam met jou berig, 'n nuwe storie kan vertel.

Ek sien uit om met julle te gesels. Kontak my gerus met idees, raad, voorstelle en vrese.

Lydie Terblanche

Redakteur
WhatsApp 082 928 5624 / lydie@vodamail.co.za
In samewerking met, Koos Gagiano Design Studio